

## 'n Nuwe vandag is hier!

God se nuwe vandag begin in Betlehem. In Lukas 2:11 roep die engel dit uit dat Jesus vandag vir ons gebore is. Die Verlosser het aangekom. Daar is 'n splinternuwe vandag op God se kalender. Die tyd het gedraai - vir altyd. Die nuwe dag van die Here is hier, want Jesus is hier. Om in Hom te glo, is om te leef in Jesus se nuwe tydsonne. Dit is om deel te wees van God se ewige, nuwe vandag. Hoor asseblief weer: die seisoen het gedraai. Die ou dae van dood en donkerte is oor en verby. Jesus se nuwe vandag is propvol genade, vrede en goedheid.

God se nuwe vandag is ook goeie nuus vir mense in nood. So vertel Jesus wanneer Hy sy openbare optrede begin in Nasaret. Terwyl Hy aanhaal uit Jesaja, vertel Hy in Lukas 4:16-21 van God se nuwe vandag wat pas in vervulling gegaan het. Hierdie nuwe vandag is goeie nuus vir mense in nood. Armes, gevangenes, blindes en verdruktes gaan van nou af die Here se goedheid op konkrete maniere beleef. Die genadejaar van die Here is hier vir almal, maar ook vir mense wat ly en swaarkry - van vandag af! Jy en ek moet dit hoor. Ons moet sorg dat hierdie goeie nuus ook sulke mense se lewens bereik. Hier in kersfeestyd moet God se nuwe vandag ons eie lewens propvol vreugde maak. Maar dit moet ook goeie nuus wees vir al Jesus se gunsteling mense oor wie Hy Hom hier in Lukas 4 ontferm.

deur Stephan Joubert

Mag jy Jesus se nuwe vandag in hierdie dae  
feestelik ervaar.

## Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid asb vir Janine Vorster-vir deurbraak in haar gesondheid
- \*Bid asb vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- \*Bid asb vir Maria Steyn-vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Oom Sampie Swart -vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
- \*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy-vir volkome genesing. Albei ernstig siek
- \*Bid asb vir Ria Putter-vir volkome genesing
- \*Bid asb vir JP vd Walt-het longvlies-kanker. Vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Hennie v Aswegen-vir spoedige herstel
- \*Bid asb vir John Stapleton-vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
- \*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid asb vir Basie Roux vir volle genesing-hy het prostaatkanker
- \*Bid asb vir Evie Benson vir volle genesing
- \* Bid asb vir Suzette Fourie vir volle genesing.

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



## GESEËNDE en VOORSPOEDIGE 2020!

Ons drie leraars en gesinne wil net aan elke lidmaat en die se huisgesinne 'n *geseënde* en *voorspoedige 2020* toewens ...

*Vat die HERE orals saam met jou in 2020en los HOM nooit agter!*

## 2020 Wense

Mag julle  
feesgety  
gevol wees met  
liefde, lag, vrede  
en saamwees en  
mag elke dag vir julle  
vreugde bring in die  
nuwe jaar wat voorlê

One day, she realized life  
is too short to worry  
about what might happen,  
so she decided to  
live right now.

## Onthou om te onthou

Datum	"Topic"	Plek
31 Des 2019	Oujaarsdiens @ 18:00	NG Kerk
19 Jan 2020	Oom Karolus & Lente	NG Kerk
17 Mei 2020	Paassangdiens - Rudi Muller	@ 08:30

(hierdie geleentheid mag jy nie misloop nie)